

NORMERING VAN TAALGEBRUIK OP DIE NEDERLANDSE TAALGEBIED - 'N HISTORIESE OORSIG

J.E. Loubser

Die Nederlandse skryftaal kan tot in die vroeë Middeleeue nagespoor word. Die gebrek aan eenvormigheid van die taalgebruik tot in die sewentiende eeu val op en dit lei tot die gevolgtrekking dat daar in die loop van die tyd in verskillende streke verskillende norme moes gegeld het ten opsigte van die landstaal. 'n Mens kan aanneem dat daar in bepaalde toonaangewende sentrums norme gegeld het vir die spelling, byvoorbeeld, maar dit is moeilik om na te gaan. Dit is eers teen die einde van die Middeleeue toe gedrukte boeke op groot skaal versprei is, dat 'n groter eenvormigheid van spelling op te merk is.

Dit beteken nie dat elkeen die dialek van sy omgewing gebruik het nie. In kultuursentrums, soos die handelstede, kloosters, kanselarye en houe het mense uit verskillende gebiede bymekaar gekom en vermenging van dialekte moes plaasgevind het. 'n Mens kan aanneem dat die stede wat kultureel toonaangewend was, ook ten opsigte van taal 'n belangrike invloed gaan uitoefen het en dat daar mettertyd 'n plaaslike algemene taalgebruik begin ontstaan het.

Waarskynlik was die uitvinding van die boekdrukkuns die eerste faktor wat op groot skaal aanleiding daartoe gegee het dat normerend opgetree is in taalgebruik. In die tyd toe tekste deur afskrywers gemaak is, het dit gegaan om opdragte deur individue. Die drukkuns het dit alles verander. Die drukker moet rekening hou met die groots moontlike mark vir sy produk. Dit is dus moontlik dat hy tekste nie ongewysigd gedruk het nie, maar die taalgebruik so verander het dat dit ook buite die eie gebied sou kon verkoop.

In die sestiende eeu het die Hervorming nuwe vertaling van die Bybel in Nederlands noodsaaklik gemaak. Om die Bybel oor die wydste gebied verstaanbaar te maak, het die vertalers taalvorms gebruik wat saamgestel is uit

verskillende dialekte, byvoorbeeld Hollands en Brabants. Die taal van die kerk en godsdiens het deur die eeue ~~groot~~ gesag gehad.

As gevolg van die afloop van die oorlog teen Spanje en veral na die val van Antwerpen in 1585 het baie vooraanstaande Suid-Nederlanders na die vry Noord-Nederlandse streke verhuis en daar gou leidende posisies op alle gebied beklee. Dit het aanleiding gegee tot Vlaamse en Brabantse invloed op die taalgebruik van die Noord-Nederlanders. Die diftongering van die oorspronklike [i:] en [u:] word aan Suid-Nederlanders toegeskryf (De Vooy 1952:66).

Die Renaissance het die nasionale bewussyn in verskillende Wes-Europese lande aangewakker. Dit blyk onder andere daaruit dat die eie taal in plaas van die internasionale Latyn gebruik word in publikasies op alle moontlik terreine. Dit het ook in die Nederlande gebeur. Dit het die behoefte laat ontstaan aan 'n algemene Nederlands. Hierdie behoefte is die eerste geformuleer deur Pontus de Heuter in sy *Nederduitse orthographie* wat in 1581 gedruk is. By die vasstel van 'n norm het hy 'n middeweg probeer volg tussen die taalgebruik in die Noordelike en die Suidelike gebiede. As gevolg van die gebrek aan die nodige gesag het die boekie van Pontus de Heuter nie 'n blywende uitwerking gehad nie (De Vooy 1952:69).

Hendrik Laurensz Spieghel se *Twe-spraak van de Nederduitsche Letterkunst* wat in 1584 in Leiden verskyn het, het meer invloed gehad, onder andere omdat dit op gesag van die Amsterdamse rederykerskamer "In liefde bloeiende" uitgegee is. Hierin is die uitspraak van ontwikkelde Amsterdammers as die norm gekies. Hoewel Amsterdam toe al aan die ontwikkel was as handels- en kultuurswaartepunt in die Nederlande, is die taalgebruik van dié stad slegs in 'n beperkte gebied as norm aanvaar.

In die *Twe-spraak* het Spieghel probeer om, behalwe 'n noukeurige beskrywing van die klanke en die ontwikkeling van 'n bruikbaarere spellingsstelsel, die grammatika volgens die voorbeeld van Latyn te beskryf. Daarom het hy paradigmas vir die verbuiging van Nederlandse naamwoorde met die ses Latynse naamvalle opgestel. Die heersende opvatting in dié tyd was dat Latyn die norm was van 'n perfekte taal en dat die gebrek aan buigingsvorme in Nederlands die gevolg was van taalverarming en -verwilderings. Gevolglik was dit die taak van die grammatikus om die taal om te buig in die rigting van Latyn met sy veelheid van vorms. Hierin is nie rekening gehou met die

gesproke taal van sy tyd wat, byvoorbeeld, geen verskil meer gemaak het tussen nominatief en akkusatief nie (De Vooy 1952:75).

Saam met die nasionale bewuswording en hoër waardering van die eie taal wat in die Renaissance wakker gemaak is, gaan 'n neiging tot taalsuiwering wat veral teen Romaanse leenwoorde gerig is. Die wiskundige Simon Stevin het woorde soos *middelwyn*, *driehoek*, *vlak*, *afrek*, *deel*, wortel voorgestel om vreemde woorde te vervang (De Vooy 1952:78).

Die taalgebruik in literêre werke is in verskillende opsigte op 'n Latynse lees geskoei. Dit blyk onder andere uit die on-Nederlandse absolute konstruksies en die gebruik van die *accusativus cum infinitivo* by Coornhert (De Vooy 1952:78).

In die loop van die sewentiende eeu het Holland op politieke en kulturele gebied die oorwig gekry en die taalgebruik van ontwikkelde mense in die Hollandse stede het al hoe meer die norm geword. In die handelstede het mense uit alle dele van die Nederlandse taalgebied bymekaar gekom en dit het aanleiding daartoe gegee dat daar 'n verskil ontstaan het tussen die taal van die stede en dié van die omliggende landelike gebiede. 'n Algemene Nederlands was aan die ontwikkel, maar het nog nie 'n vaste vorm aangeneem nie (De Vooy 1952:88).

Die Renaissance-opvatting van grammatika het in die sewentiende eeu verder veld gewen. In sy *Nederduytsche Spraeckonst* (1925) het Christiaan van Heule nuwe vormonderskeidings ingevoer wat nie in die taalwerklikheid bestaan het nie, byvoorbeeld 'n datief ter naas genitief *der*, 'n akkusatief van die persoonlike voornaamwoord *mi* naas datief *mi* en 'n akkusatief *hen* naas datief en ablatief *hun* (De Vooy 1952:95). Hierdie en dergelike voorskrifte is mettertyd as die norm aanvaar, veral nadat Hooft en Vondel hierby aangesluit het en dit ook in die Bybelvertaling toegepas is (De Vooy 1952:96).

'n Belangrike ontwikkeling in die rigting van 'n algemene Nederlands het met die vertaling van die Statebybel gekom. Die vertaling is opgedra aan 'n kommissie van vertalers en hersieners, wat uit verskillende dele van die Nederlande gekom het. Omdat daar nog nie 'n algemene vorm van Nederlands bestaan het nie, moes hulle in oorleg met mekaar 'n kompromis vind sodat die taal van die Bybel nie 'n te duidelike gewestelike karakter sou hê nie. Hulle pas die voorskrifte van die Renaissance-grammatici toe, maar matig

dit en laat variante toe. Voortaan sou die taal van die Statebybel as norm in die kerk en die skool geld in die Noordelike Nederlande.

In die derde kwart van die sewentiende eeu het die gesag van grammatici al hoe groter geword by die skrywende Nederlandse publiek. Gedurende die agtiende eeu ontwikkel 'n meer eenvormige skryftaal waarin skrywers soos Hooft en Vondel se taalgebruik nagevolg word. Taalreglementering het in hierdie eeu toegeneem saam met die gesag van die reglementeerders. Dit blyk uit die "verbetering" van die taalgebruik van Hooft en Vondel in uitgawes van hulle werke in dié tyd. Dit is insiggewend dat Langendijk in later uitgawes van sy blyspel *Wederzijdsch Huwelijksbedrog* (1712) dialektiese of gemeensame vorms soos *nou*, *jij*, *as* en *vars* vervang het met *nu*, *gij*, *als* en *versch* en die buigings-*n* volgens grammatikale voorskrif ingevoeg of weggelaat het (De Vooy 1952:130).

Tot in die agtiende eeu was daar nog beswaarlik sprake van wetenskaplike bestudering van taal. In die grammatikas van die tyd is beskryf hoe die taal behoort te wees en nie hoe dit is nie. Dit was die tyd van die "grammaire raisonnée" waarvan Balthazar Huydecoper saam met ander 'n voorstander was. Hy het 'n deeglike studie van Middelnederlands gemaak en was oortuig daarvan dat Nederlands in die loop van die tyd ontaard geraak het. Volgens hom moes die norm van wat goeie Nederlands is, gesoek word in Middelnederlands. Hy het groot aansien as wetgewer op taalgebied gehad, veral op grond van sy *Proeve van Taal- en Dicht-kunde* (1730) waarin hy uitvoerig aangetoon het hoe dat Vondel in sy vertaling van Ovidius se *Herscheppingen* die grammatikareëls sou oortree het. Hy het byvoorbeeld beswaar gemaak teen Vondel se vervoeging van werkwoorde, dat hy *behalve ik skryf* in plaas van *behalve mij* omdat dit in Latyn tog ook nie *praeter ego* is nie, maar *praeter me* (De Vooy 1952:136). Gedurende hierdie tyd het grammatikabeskrywing beperk gebly tot die opstel van paradigmas en reëls vir kunsmatige verbuiging, die vasstelling van grammatikale geslag by selfstandige naamwoorde en die onderskeiding van homonieme deur verskillende spelling (De Vooy 1952:141).

Die totstandkoming van die Bataafse republiek het aanleiding gegee tot 'n groter bewustheid van nasionale eenheid. Die regering het belangstelling begin toon vir die vaste reëling van spelling en taal met die oog op wat in die onderwys voorgeskryf moet word. In 1801 is opdrag aan die Leidse hoogleraar Matthijs Siegenbeek gegee om 'n spellingreëling te ontwerp en aan die Rotterdamse predikant Petrus Weiland om 'n grammatika saam te stel. In 1804 is die ontwerp goedgekeur.

Siegenbeek het hom daarop toegelê om 'n keuse te maak in gevalle waar daar uiteenlopende gebruike was. So kies hy vir die skryfwyse aa in plaas van ae in geslote lettergrepe. In die geval van oop lettergrepe kies hy nie vir die konsekwente verdubbeling van vokaalletters nie, maar vir die enkele a en u en afwisselende e en ee en o en oo. As gevolg van die steun deur die regering het dié spellingreëling gou algemene ingang gevind (De Vooy 1952:155).

Die grammatika van Weiland het slegs gedeeltelik weggebreek van die agtiende-eeuse opvattinge ten opsigte van naamvalle, hoewel hy die getal naamvalle wat in Nederlands onderskei behoort te word, terug gebring het van ses na vier. Dit het die ondersteuning van leidende hooglerare gehad en die feit dat dit op gesag van die regering uitgegee is, het die aanvaarding daarvan verseker (De Vooy 1952:156).

Die taalbeskouings van Siegenbeek en Weiland wat van die geskrewe taal uitgegaan het, het by baie mense, veral onderwysers en predikante, die opvatting laat ontstaan dat die agtiende-eeuse stywe boektaal die norm was, en dat die spelling die norm was vir hoe woorde uitgespreek behoort te word. Dit het aanleiding gegee tot letteruitspraak (De Vooy 1952:156).

Met die oog op die uitgawe van 'n groot Nederlandse woordeboek het die twee leidende redaksielede, prof. Matthijs de Vries en dr. L.A. te Winkel in 1863 hulle Grondbeginselen der Nederlandse spelling geskryf. Die doel was om die amptelike spelling van Siegenbeek in ooreenstemming met eietydse insigte te bring (De Vooy 1952:177). Hierdie spellinghervorming is offisiel aanvaar en in die onderwys toegepas (De Vooy 1952:178).

Die klassisistiese opvatting oor wat Nederlands behoort te wees, was in die helfte van die vorige eeu nog lewendig. Hierteen het Taco Roorda in verzet gekom in 'n voordrag voor die Koninklijke Akademie. Hy het betoog dat Nederlands slegs twee grammatiese geslagte het, dat die verbuiging al eeu lank nie meer in die taal voorkom nie en dat dit verstandig sou wees om hierdie feite in ag te neem om die stywe skryftaal nader aan die lewendige spreektaal bring. Dit het heftige kritiek uitgelok. M. de Vries het gevind dat Roorda se teorie die hele gebou van die grammatika laat ineenkaar stort want "de flexie, het bezit van taalvormen behoort tot het wezen eener beschaafde taal" (De Vooy 1952:180). Ten spyte van Roorda se verweer dat dié stelling in die moderne taalwetenskap as verouderd verwerp word, het die Akademielede kant gekies vir De Vries.

As gevolg van die opvatting dat die geskrewe taal primêr is, het dit in sekere kringe as norm gaan dien vir die uitspraak van woorde in die omgangstaal. Dit het aanleiding gegee tot letteruitsprake soos dié van die lidwoorde een en het as [e:n] en [het] in plaas van as [ɛn] en [ɛt]. Prof. de Vooys noem verskillende vorms in algemene omgangs-Nederlands wat aan die skrifbeeld toegeskryf moet word, byvoorbeeld die uitspraak van goede en rode as [xudə] en [rödə] in plaas van as [xuiə] en [rojə] (De Vooys 1952:201).

Teen die einde van die negentiende eeu het jonger taalkundiges hulle al hoe meer begin verset teen die oorwig wat die konvensionele skryftaal in die taalonderwys en taalwetenskap gehad het (De Vooys 1952:207). Hulle stel hulle op die standpunt dat die grammatikabeskrywing gebaseer moet wees op waarneming van die eietydse taalgebruik. Dit het 'n baie vrugbare tydperk in die Nederlandse taalwetenskap ingelui, wat verreikende gevolge gehad het onder andere op die moedertaalonderwys in Nederland.

R.A. Kolléwijn het in 1891 'n artikel gepubliseer wat aanleiding gegee het tot die stigting van 'n vereniging vir die vereenvoudiging van die spelling en voorstelle in dié verband. Die voorgestelde vereenvoudiging het weggedoen met die onderskeiding wat die spellingreëling van De Vries en Te Winkel op etimologiese gronde nog gemaak het ten opsigte van e en ee, o en oo, s en sch en het die ij in die uitgang -lijk met i vervang. Die verandering van die spelling van leenwoorde, die sogenaamde "bastardwoorden" is verder deurgevoer. 'n Belangrike wysiging was die weglating van die buigings-n en die gebruik van voornaamwoorde volgens die beskaafde spreektaalgebruik (De Vooys 1952: 210). Ten spyte van teenstand by die regering en die pers het die vereenvoudigde spelling al hoe groter steun gekry van die kant van onderwysers en taalgeleerdes.

In Nederlands word spellingvoorstelle deur kommissies wat deur die regering aangestel word, gemaak en besluite in dié verband word deur die regering geneem. Verskillende kommissies het gedurende die eerste helfte van hierdie eeu reëlins voorgestel wat toegewings in die rigting van die vereenvoudigde spelling bevat het. In 1934 het minister Marchant 'n reëling goedgekeur wat neerkom op 'n aanvaarding van verskillende voorstelle van die vereenvoudigers, met behoud egter van die spelling -lijk en -isch. Hierdie reëling is vir die skole voorgeskryf. Na oorlog op amptelike vlak tussen Nederland en België is die spellingreëling amptelik aanvaar by wyse van die Belgiese Spellingbesluit van 1946 en die Nederlandse Spellingwet van 1947

(De Voors 1952:211). In opdrag van die Nederlandse en die Belgiese regering is 'n woordelys van die Nederlandse taal deur 'n gemengde Nederlands-belgiese kommissie opgestel en dit het in 1954 verskyn. Hiermee is eenheid bereik op die gebied van die Nederlandse spelling.

In die loop van die geskiedenis van Nederlands het verskillende soort norme gegeld. In die begin was daar nie 'n eenheid nie en was die taalgebruik van ontwikkelde mense in sekere stede en later in sekere groter streke die norm. Sedert die behoefte aan 'n algemene Nederlands groter geword het, het taalreglementeerders Latyn en Middelnederlands as die norm geneem en daarvolgens hulle kunsmatige taalreëls gaan opstel. Nadat 'n min of meer eenvormige skryftaal ontwikkel het, is dit as die norm beskou vir die gesproke taal. Die kloof wat hierdeur tussen skryftaal en gesproke taal ontstaan het, is oorbrug toe insigte wat die taalwetenskap sedert die einde van die vorige eeu gebring het, toegepas is.

Omdat die norme wat sedert die tweede helfte van die sewentiende eeu in Nederland gegeld het, nie net so in Suid-Afrika toegepas kon word nie, het "Hoog-Hollands" en "Kaaps-Hollands" of Afrikaans uitmekaar gegroei.

BIBLIOGRAFIE

De Voofs, C.G.M. (1952) *Geschiedenis van de Nederlandse Taal*. Vijfde, herziene uitgave. Antwerpen: De Sikkel. Groningen: J.B. Wolters.